Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Het ons helde nodig?"

Skriflesing: Matteus 21:1-11

[1] EN toe hulle naby Jerusalem gekom en Bétfagé aan die Olyfberg bereik het, stuur Jesus twee dissipels uit en sê vir hulle:
[2] Gaan na daardie dorp reg voor julle, en dadelik sal julle 'n eselin vind wat vasgemaak is, en 'n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir My.
[3] En as iemand vir julle iets sê, moet julle antwoord: Die Here het hulle nodig; en dadelik sal hy hulle stuur.
[4] En dit het alles gebeur, sodat vervul sou word die woord wat deur die profeet gespreek is:
[5] Sê vir die dogter van Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe, sagmoedig, en Hy sit op 'n esel, ja, 'n jong esel, die vul van 'n pakdier.
[6] En die dissipels het gegaan en gedoen soos Jesus hulle beveel het;
[7] hulle het die esel en die vul gebring en hulle klere daarop gelê, en Hy het daarop gaan sit.
[8] En die grootste deel van die skare het hulle klere op die pad oopgegooi, en ander het takke van die bome afgekap en op die pad gestrooi.
[9] En die skare wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeroep en gesê: Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Hosanna in die hoogste hemele!
[10] En toe Hy in Jerusalem inkom, het die hele stad in opskudding geraak en gesê: Wie is hierdie man?
[11] En die skare sê: Dit is Jesus, die profeet, van Násaret in Galiléa.

"Show me a hero, and I'll write you a tragedy."
– F. Scott Fitzgerald

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Broodjies vir die pad

Herfsmiddag

Hoor die voëls stil word,
die verkeer veraf raas:
boodskappe van tuiskoms.
Iets het gebeur met die lug:
dit dra teerder aan geluid.
Wanneer honde blaf,
kalmeer dit gemoedere:
iets, iemand, is nog aan die waghou.

Gaan na die buurte op die vlaktes,
die dakke van die komplekse,
die voorportale van die herehuise,
die binnekamers soos beloftes.

Gaan heen na die stede,
betree die bouvalle, die sopkombuise,
die kerke waar bidders hoes,
die verset opflikker,
maar niks meer vlamvat nie.

Gaan na die skure en werkplekke en winkels
waar die inwonendes nie veel het nie
behalwe die vooruitsig van 'n oomblik teen sononder
waaruit die vreugde spruit.
Gedenk daardie byeenkoms:
'n toevalligheid van die sintuie, die lig en die hardheid van die aarde.

Jaco Fouché

◆◆◆

"We shouldn't be looking for heroes, we should be looking for good ideas."
– Noam Chomsky

"You risked your life, but what else have you ever risked? Have you risked disapproval? Have you ever risked economic security? Have you ever risked a belief? I see nothing particularly courageous about risking one's life. So you lose it, you go to your hero's heaven and everything is milk and honey 'til the end of time. Right? You get your reward and suffer no earthly consequences. That's not

courage. Real courage is risking something that might force you to rethink your thoughts and suffer change and stretch consciousness. Real courage is risking one's clichés."
– Tom Robbins, Another Roadside Attraction

"The real hero is always a hero by mistake; he dreams of being an honest coward like everybody else."
– Umberto Eco, Travels in Hyperreality

"That was when the world wasn't so big and I could see everywhere. It was when my father was a hero and not a human."
– Markus Zusak, I Am the Messenger

Markus Zusak was born in 1975 and is the author of five books, including the international bestseller, ***The Book Thief*** , which is translated into more than forty languages. First released in 2005, ***The Book Thief*** has spent more than a decade on the New York Times bestseller list, and still remains there to this day.

His first three books, ***The Underdog, Fighting Ruben Wolfe*** and ***When Dogs Cry (also known as Getting the Girl)*** , released between 1999 and 2001, were all published internationally and garnered a number of awards and honours in his native Australia and the USA.

The Messenger (or ***I am the Messenger***), published in 2002, won the 2003 Australian Children's Book Council Book of the Year Award (Older Readers) and the 2003 NSW Premier's Literary Award (Ethel Turner Prize), as well as receiving a Printz Honour in America. It also won numerous national readers choice awards across Europe, including, in 2007, the highly regarded Deutscher Jugendliteratur Jugendjury prize in Germany, which he won again for ***The Book Thief*** in 2010.

It is ***The Book Thief*** , however, that has established Markus Zusak as one of the most successful authors to come out of Australia. To date, ***The Book Thief*** has held the number one position at Amazon.com, Amazon.co.uk, the New York Times bestseller list, as well as in countries across South America, Europe and Asia. It has also been in the top five bestsellers in the UK and several other territories. It has amassed many and varied awards, ranging from literary prizes to readers choice awards to prizes voted on by booksellers. It was the only book to feature on both the USA and UK World Book Night Lists in 2012, and has been voted as Australian readers' favourite book by iconic independent bookstore, Dymocks, three years running.

In 2013, ***The Book Thief*** was adapted to screen, directed by Emmy Award-winning Brian Percival (Downton Abbey) and shot in Berlin by Twentieth Century Fox. The cast was headlined by Academy Award winner Geoffrey Rush (Shine, The King's Speech) and Academy Award nominee Emily Watson (Breaking the Waves, Anna Karenina). It also cast Sophie Nelisse (Monsieur Lazhar), as Liesel Meminger.

The Guardian calls ***The Book Thief*** "a novel of breathtaking scope, masterfully told." The New York Times: "Brilliant and hugely ambitious…the kind of book that can be life-changing." The Age: "an original, moving, beautifully written book."

In 2014, Zusak received the American Library Association's Margaret Edwards award for significant and lasting contribution to young adult literature, for his body of work ranging from ***The Underdog*** up to The ***The Book Thief*** .

Markus Zusak grew up in Sydney, Australia, and still lives there with his wife and two children.

http://www.goodreads.com/author/show/11466.Markus_Zusak

Brood vir die pad

So gepraat van vele redes om beskeie te wees

DJS

Een van Churchill se pittige sêgoed was sy destydse kwinkslag oor sy teenstander Attlee. Op 'n keer wou 'n vriend 'n lansie vir die arme Attlee breek deur te sê 'n mens moet darem erken dat hy beskeie is, net om die gevatte reaksie van Churchill te ontlok dat Attlee inderdaad baie het om oor beskeie te wees.

Snaaks. Maar dis tog vreemd hoe neerhalend sommige deesdae van ander se valse beskeidenheid praat.

'n Mens wonder soms eintlik wat hulle presies bedoel met valse beskeidenheid. Bedoel hulle dalk (negatief) dat diegene eintlik heimlik trots en selfvoldaan en hovaardig is en net huigelagtig vóórgee dat hulle nederig is terwyl hulle dit geensins is nie? Dog hoe sou ons dit kon weet, wie sien in die hart van 'n ander?

Of bedoel hulle dalk (meer positief) dat dié persone eintlik te goed is, te bekwaam en suksesvol om beskeie te wees, dat hulle (werklike) beskeidenheid vals is in die sin van onnodig, aangesien hulle geen rede het om beskeie te wees nie en eerder alle reg om trots en selfvoldaan en hovaardig te voel, beter as ander?

Of bedoel hulle miskien (uiters positief) dat álle beskeidenheid misplaas is, bloot slegte selfbeeld en verouderde moraal, dat beskeidenheid geen deug is nie en nóóit geregverdig nie omdat enige mens vol selfvertroue en selfdunk behoort te wees? Dog is dit so?

Neem maar uitstekende sportlui – dog dit geld oraloor. Het hulle nie alle rede om beskeie te wees nie? Nederig en dankbaar en erkentlik? Diep bewus van voorregte en genade en seëninge? Dink maar aan hul talente – hoe méér uitsonderlik, hoe méér rede tog tot dank en beskeidenheid? Dink aan geleenthede – en sovele ander wat dit nooit sou ken nie? Aan skole, die geld wat hul sport benodig, afrigting, al dié wat 'n rol sou speel, toevallige kanse, loopbane wat so anders kon verloop, dink aan die regte plekke op die regte tye, aan geluk, aan gesondheid, beserings wat hulle sou vryspring, dink aan sovele buite hulle beheer?

En ja, sodra hulle sou wou roem op hul harde werk, oefening en opoffering, dink aan ander wat dalk ewe hard oefen, maar met minder talent? En miljoene wat hulle daagliks veel erger afsloof, maar sonder glans en roem?

Nee, wie ook al nadink, behoort tog te begryp dat alles soveel anders kon wees. Dat ons niks het wat ons nie ontvang het en steeds ontvang nie. Dat ons soveel het om oor dankbaar te wees – en beskeie. Ook Churchill self, nes ons almal. Dalk was dit nie eens so snaaks nie?

http://www.netwerk24.com/Stemme/Kommentaar/so-gepraat-van-vele-redes-om-beskeie-te-wees-20170331

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877